



Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124

STRAND

Tel: 021-8548592

E-pos:

adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2026-09-04

Liewe Ouers

BOEKVERKOPE

Baie dankie aan al die ouers wat die boekverkope ondersteun het. Daar is R8 380-00 se boeke verkoop en daarom het die skool vier gratis leesboeke ontvang van hulle af. Ons is baie dankbaar. Klein Lochieland se biblioteek groei na 'n volwaardige biblioteek!



Maandag, 14 September: Kleedrepetisie

Kleuters word om **17:30** by die Laerskool afgelaai. Ouers parkeer in *De Vosstraat* en neem kleuters by die *Grondslagfasehek en -deur* in, waar hulle by die klasse deur die Klein Lochieland personeel ontvang word. Daar sal aanwysings wees waarheen u die kleuters moet neem. Kleuters gaan by die klasse se buitedeure in.

Geen kleuter mag deur die saal na die klasse gebring word nie.

Daar word ook op hierdie aand groep- en individuele foto's geneem. Sorg asb. dat kleuters se hare netjies en versorg is soos per voorskrif vanaf die onderwyseres.

Kleuters kan om **21:00** afgehaal word, asb.

Laerskool klasse wat gebruik word:

- Juf. Louise Buys	Gr. 3B	Besieklas
- Juf. Sulet Wiese	Gr. 3Wi:	Bytjieklass
- Juf. Monique Smit	Gr. 3S:	Skoenlapperklas
- Juf. Elize Wessels	Gr. 3W :	Miertjieklass
- Juf. Yolandi Steyl	Gr. 2St:	Naaldekokerklass
- Juf. Tiana Minnie	Gr. 1M:	Hasieklas
- Juf. Inge Fourie	Gr. 1F:	Vissieklas
- Juf. Leandi Wiehmann	Gr. 1W:	Eendjieklass
- Juf. Bea le Roux	Gr. 1L:	Beertjieklass

Dinsdag 15 September en Donderdag 17 September: Konsertaande

Kleuters word om **18:00** by dieselfde klasse afgegee en kan na die konsert (ongeveer **20:45**) by die klasse afgehaal word. **Let Wel:** Ouers moet asb. nie die kleuters uit die saal neem na afloop van hul optrede nie. **Hulle móét eers na die klasse gaan om hul konsertklere uit te trek.**

Daar is toesig by die klasse totdat almal afgehaal word. Kontak asb. u onderwyseres as iets voorval en u laat gaan wees.

Algemene inligting:

1. Kleuters moet asb. met gemaklike klere skool toe kom op dié drie aande, want hulle kostuums word by die skool aan- en uitgetrek.
2. Indien u kleuter skoene aan het, maak asb. seker dat hul dit weer neem as u hul kom haal.
3. Geen kleuter moet asb. grimering aanhê nie. Ons wil graag almal se gesiggies duidelik kan sien en herken op die verhoog en op die opname wat gemaak word.
4. Indien moontlik, moet kleuters dié drie middae 'n bietjie rus (veral die kleuters wat nie 20:00 in die aande haal nie).
5. **Kleuters moet asb. klaar geëet wees en geen ouer gaan toegelaat word om vir die kleuters eetgoed te bring nie.**
6. Wanneer ouers die kleuters aflaai, moet u asb. nie bly en rondstaan nie. Hulle moed mag hul dalk begewe as ma/pa bly. Ons het ook heelwat kleuters om aan te trek en tyd gaan 'n kwessie wees. Geen ouers mag bly om te help aantrek nie, asb.
7. Ouers is welkom om nadat hulle die kleuters om 18:00 afgelaai het, hul pizza-bestellings te gaan haal. **Die konsert begin eers om 19:00.** Ondersteun ons asb!

Let Wel: Pizza's is slegs vir die konsertgangers en nie vir die kleuters in die konsert nie. Hulle word reeds vroeër afgelaai en moet by die huis klaar eet! Geen kleuter gaan toegelaat word om by die klasse te eet of drink nie.

8. Die snoepie gaan tussen 18:00 en 19:00 langs die saal oop wees vir aankope soos koeldrank, skyfies, sjokolades, ens.

Dit is baie belangrik dat kleuters al drie hierdie aande teenwoordig is, aangesien elke kleuter 'n rol in die konsert het wat hy/sy moet vervul, asook die foto's en opname word op verskillende aande geneem.

AFWESIGHEDE

Ons vra dat ouers die kleuters gedurende die volgende twee weke nie onnodig uit die skool sal hou nie. Ons oefen daaglik konsert.

PIZZA- en KOELDRANK VERKOPE

Kleuters word die twee aande van die konsert reeds om 18:00 by die skool afgelaai (meer inligting in die volgende nuusbrief omtrent die aflaai-proses). Ouers is welkom om vooraf 'n pizza en koeldrank te bestel en rustig te eet voor die konsert om 19:00 begin. Kleuters moet klaar geëet wees wanneer hulle afgelaai word. Moet asb. nie vir hulle pizza bestel nie. Hulle word in daardie uur aangetrek en reggemaak vir die konsert. Die kostuums is 'n groot uitgawe en ons wil nie dat hulle mors daarop nie, asb. Geen uitsonderings sal gemaak word nie.

Bestellings kan by hierdie skakels geplaas word voor Vrydag 11 September:

Pizza Bestellings - **DINSDAG** - 15 September 2026

<https://forms.gle/b8zLLxUyJ9Yetm9g9>

Pizza Bestellings - **DONDERDAG** - 17 September 2026

<https://forms.gle/9MCfXoDBrTf3y8Jg8>

Die bestellings kan op die D6-toepassing of per EFT betaal word.

KONSERTDEKOR: VRYDAG 11 SEPTEMBER

Baie dankie aan al die ouers wat aangebied het om te help met die konsertdekor. Ons gaan Vrydag 11 September die verhoog en voorportaal versier met die dekor.

GRAAD R-INLIGTING:

Ons tema vir die week is: **LENTE**

Ons persepsies:

Getal:	1 - 8
Klank:	Hersien o, a, d, g, j, i, r, n, m, l, k, h, b, f, p, v en w
Kleur:	Hersiening
Vorm:	Hersiening

Maandag	7 September:	Ons maak 'n blommetuin
Dinsdag	8 September:	Ek teken my eie blompot
Woensdag	9 September:	Ons hersien getal 8
Donderdag	10 September:	Bak-en-Brou: 'n Blommetjie
Vrydag	11 September:	<i>Bok-Vrydag: Kom ons ondersteun die Bokke! Laaste dag vir Pizzabestellings</i>

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir die week is: **BOME en PLANTE**

Ons persepsies is:

Getal:	8
Klank:	i-klank
Vorm:	Ruit
Kleur:	Bruin

Maandag	7 September:	Ons teken 'n mantekening
Dinsdag	8 September:	Ons verf 'n kaktusplant
Woensdag	9 September:	Ons teken 'n blom
Donderdag	10 September:	Ons verf 'n boom
Vrydag	11 September:	<i>Bok-Vrydag: Kom ons ondersteun die Bokke! Laaste dag vir Pizzabestellings</i>

Geniet die naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel